

17 Desember Matteus 28:16-20; (Teks: Jesaja 9:5, 6)

Moenie sy Koningskap vergeet nie

Ons vergeet Jesus se Koningskap so vinnig.

So maklik vergeet ons dat Jesus Christus vir ewig Koning is: "Hy sal heers... sy heerskappy sal uitbrei en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring".

Ons is vinnige vergeters. Vandag nog is dit Kersfees en voel ons lig en bly en vrolik en opgewonde ... en môre? Dan ploeter ons so maklik maar weer op die ou trant voort.

Só sonder om weerstand te bied, val ons op die ou vreugdelose paaie terug.

En ons vergeet, omdat ons nie elke dag vir Kersfeesvreugde bid nie. Christusvreugde is net beperk tot die Adventweke van Desember en veral 25 Desember nie. Christus se heerskappy, sy vrede en voorspoed is vir elke dag bedoel.

Maar dan sal daarvoor elke dag opreg gebid moet word: "As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê en julle sal dit kry" (Joh. 15:7).

As ons nie in Christus bly nie, sal ons nie opreg vir Christusvreugde elke dag kan bid nie. Christus sê self dat wie nie in Hom bly nie, soos droë lote word wat afgesny en verbrand word.

'n Verdroogde loot kan nie opreg bid nie. 'n Mens kan woorde oor jou lippe uiter en dit kan klink soos 'n gebed, maar dit is nie werklik 'n gebed uit die Middelaarskrag van Christus nie. So 'n gebed kan nie ware vreugde en aanhoudende vrede van sy Koningskap bring nie.

Wil ons dan sy Koningskap net één dag gedenk en beleef? Nee, ons Koning is elke oomblik Koning en deur Hom kan ons ook regeer oor die Satan en sy sondeweg op hierdie aarde ... die héle jaar deur!

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)